

**Gauteng East District
Rekeningkunde
Graad 12
Kontrole toets 1
Tydsduur: 1, 5 ure
Punte: 100
Maart 2022**

Instruksies en inligting:

1. Jy word voorsien van vraestel en 'n antwoordboek.
2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** verpligte vrae.
3. Wys **ALLE** berekeninge om deelpunte te verdien.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Blou/Swart ink mag gebruik word.
6. Skryf netjies en leesbaar.
7. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord. Probeer om nie daarvan af te wyk nie.

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd
1	Konsepte en inkomstestaat	60	54
2	Notas en balansstaat; Ekwiteit en Lasteafdeling	40	36
Totaal		100	90

Die vraestel bestaan uit 6 bladsye (ingesluit is die voorblad).

VRAAG 1 KONSEPTE EN INKOMSTESTAAT 60 punte; 54 minute

- 1.1 Kies die verduideliking in **KOLOM B** wat pas by die term in **KOLOM A**. Skryf slegs die letter (A-E) langs die nommers (1.1.1-1.1.5) in die antwoordboek.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendomme(CIPC)	A	Dui een dat 'n maatskappy 'n regspersoonlikheid van sy eie het.
1.1.2	Skeiding van eienaarskap en beheer	B	Die dokument wat die reëls en prosedure van 'n maatskappy vasstel.
1.1.3	Memorandum van Inkorporasie (MOI)	C	Word aangestel deur aandeelhouders om 'n onbevooroordeelde mening van die finansiële state te gee.
1.1.4	Beperkte aanspreeklikheid	D	Maatskappye word deur aandeelhouders besit, maar word deur direkteure bestuur en beheer.
1.1.5	Eksterne ouditeur	E	Die liggaam wat verantwoordelik is vir die registrasie van alle maatskappye.

(5)

1.2 MALAZA LTD

U word voorsien van die volgende inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

GEVRA:

Voltooi die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.

(55)

INLIGTING:

A. Bedrae word gevat uit die boeke op 28 Februarie 2022:

	28 Februarie 2022 R
Gewoneaandele Kapitaal	12 670 000
Behoue inkomste	519 240
Verbandlening: Mongezi Bank	3 755 000
Grond en geboue	9 650 000
Voertuie	2 562 000
Toerusting	280 000
Opgehoopte waardevermindering op Voertuie	1 300 000
Opgehoopte waardevermindering op Toerusting	200 000
Handelsvoorraad	988 200
Vaste deposito: Hlubi Bank	1 250 000
Debiteurekontrole	5 480 000
Voorsiening vir oninbare skuld	25 000
Verkope	?
Koste van verkope	9 712 000
Ouditeursfooie	163 500
Oninbare Skuld	84 600
Oninbare skuld ingevorder	75 000
Kommissie inkomste	3 670 620
Huurinkomste	108 450
Rente inkomste (Vaste deposito)	?
Versekering	174 244
Salarisse en lone	2 283 160
Skryfbehoeftes	34 150
Dividende op gewone aandele (interim)	130 000

- B. Die maatskappy handhaaf 'n winsopslag van 40% op kosprys. **Let wel:** Ou voorraad wat R192 000 gekos het (ingesluit in die koste van verkope) is teen 10% onder die kosprys verkoop.
- C. Geen inskrywing is gemaak ten opsigte van voorraad wat aan die begin van Februarie 2022 gesteel is nie. Ons het 'n kennisgewing van die versekeringsmaatskappy ontvang dat slegs R42 000 in die besigheidsbankrekening oorgeplaas is. Malaza Ltd met die voorraadverlies van 40% dra.
- D. Die fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2022 het die volgende aan die lig gebring:
- Handelsvoorraad R869 500
 - Skryfbehoeftes gebruik gedurende die jaar R 25 620

- E. Die Huurinkomste vir Februarie 2022 is nog nie ontvang nie. Die huur is verhoog met 15% op 1 Julie 2021.
- F. R64 800 is n die bankrekening van die besigheid inbetaal uit die insolvente boedel van 'n debiteur. Dit verteenwoordig 75 sent in die rand. Die saldo van sy rekening moet afgeskryf word as oninbaar.
- G. Die maatskappy het drie direkteure. Twee van die direkteure ontvang 'n jaarlikse fooi van R480 000 elk. Die derde direkteur het op 1 April 2020 by die maatskappy aangesluit en ontvang 30% minder as si ander twee direkteure. Al drie die direkteure het hul volle bedrag vir die jaar ontvang en die boekhouer het die bedrag verkeerdelik in die Salaris- en lone rekening geboekstaaf. Een van die eerste twee direkteure het besluit om te bedank en dit is op 31 Desember 2021 goedgekeur. Hy het belowe om die fooi wat hy ontvang het terug te betaal vir die tydperk wat nie in diens van die maatskappy is nie.
- H. 'n Werknemer wat op 1 Februarie 2022 by die maatskappy begin werk het is uit die salarisjoernaal gelaat was. Besonderhede vir sy salaris vir Februarie 2022 is soos volg:

Aftrekkings	Netto salaris	Bydraes
R6 810	R20 190	Werkgewer se bydrae is 24% van die bruto salaris

Let wel: Alle bydraes word as deel van lone en salarisse aangeteken.

- I. Ingesluit by die versekeringrekening is 'n jaarlike premie van R60 000 op die maatskappy se geboue en voertuie betaal 1 Oktober 2021 tot 30 September 2022.
- J. Die maatskappy koop 'n nuwe voertuig op 1 September 2020 vir R1 250 000, die transaksie is behoorlik geboekstaaf. Waardevermindering op voertuie word afgeskryf teen 20% p.j op die kosprys.
- Ou toerusting met 'n kosprys van R82 000 word op 31 August 2021 verkoop. Die ongehoopte waardevermindering was. Die waardevermindering was R30 000 op 1 Maart 2021 en die toerusting is vir R51 000 kontant verkoop. Waardevermindering op Toerusting word afgeskryf teen 15% p.j op die verminderdesaldo metode. Hierdie transaksie is nie geboekstaaf nie.
- K. Die voorsiening vir oninbare skuld moet vermindering word met R5 000, die transaksie is nie geboekstaf nie.

- L. Leningstaat ontvang, toon rente van R38 000, rente word gekapitaliseer.
- M. Die korrekte netto wins na belasting nadat alle aansuiwerings in aanmerking geneem is, is R3 288 960. Inkomstebelasting word bereken teen 28% van die netto wins.
- N. Rente inkomste (rente op vaste deposito) is die ontbrekende syfer op die staat van Omvattende Inkomste.

60

VRAAG 2 BALANSSTAAT EN NOTAS 40 punte; 36 minute

Die inligting het betrekking op MZIZI LTD vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

GEVRA:

2.1 Voltooi die volgende notas tot die finansiële state

- Gewone aandelekapitaal (8)
- Behoue inkomste (12)

2.2 Voltooi die Ekwiteit en Laste gedeelte van die Staat van finansiële posisie op 28 Februarie 2021. Toon **ALLE** bewerkings. (18)

2.3 Die direkteure wil R450 000 aan 'n plaaslike skool gee. Gee **EEN** rede (2) waarom 'n maatskappy so 'n besluit sal neem.

INLIGTING:

A. **Lys van saldo's wat op 28 Februarie 2021 tensy anders vermeld:**

Gewone aandele kapitaal (1 Maart 2020)	R6 000 000
Behoue Inkomste (1 November 2020)	134 000
Debiteurekontrole	436 000
Krediteurekontrole	365 100
Leen van direkteur	924 000
Bank oortrekking	65 300
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige inkomstebelasting)	32 470
Vooruitontvangde inkomste	8 900
Vooruitbetaalde uitgawe	11 250

B. Aandelekapitaal en dividende:

- Die aandelerregister toon dat 80% van die aandele is uitgereik op 28 Februarie 2021. Die veranderinge in aandelekapitaal en behoue Inkomste is behoorlik geboekstaaf.
- Gemagtigde aandelekapitaal: 2 000 000 gewone aandele.
- Op 1 Maart 2020, word 1 000 000 gewone aandele uitgereik.
- 31 April 2020 word 'n interim dividend van 30 sent per aandeel betaal aan alle aandeelhouders op die aandeelregister betaal.
- Die direkteure reik 'n verdere 720 000 aandele uit op 30 Junie 2020
- 120 000 aandele word teruggekoop teen 25% bo die gemiddelde prys op 30 Oktober 2020. Die aandeelhouders kwalifiseer nie vir finale dividende nie. Die transaksie is behoorlik geboekstaaf.
- 'n Finale dividend van 27 sent per aandeel word verklaar op 27 Februarie 2021.

C. Netto wins en Inkomstebelasting:

- Die netto wins voor belasting bedra R1 250 000.
- Die voorlopige inkomstebelasting wat betaal is het nie die belastingaanspreeklikheid vir die jaar gedek nie. 'n Bedrag van R12 730 is nog verskuldig aan SAID.

D. 'n Debiteur met 'n debiet saldo van R3 800 op 26 Februarie 2021 moet oorgedra word na die Krediteuregrootboek.

E. Huur uitgawe van, R81 840 is gedurende die jaar betaal. Dit is slegs 80% van die jaarlikse huuruitgawe.

F. Lening van direkteur. M. Pakiso:

- Die lening is aangegaan op 1 Desember 2018
- Die lening moet oor 5 jaar in gelyke paaiemente terugbetaal word met ingang 31 Desember 2018. Alle betalings is gemaak.
- Rente word nie gekapitaliseer nie en is ten volle betaal.

40

GROOTTOTAAL 100